HARTKLOP:

Die Hartklop is ’n kwartaalikse nuusbrief met inligting wat van herhalende aard is, om sodoende die Polsslag op Sondae se lading so bietjie ligter te maak. Ons is egter op soek na lidmate wat belangstel en dalk die kundig- heid het om deel te vorm van die redaksie- span van die Hartklop.

Ons wil dit graag uitbrei om ‘n volledige kwartaalblad te wees, met rubrieke soos; Oordenking; Bybelleesrooster, Humor, Nuwe intrekkers, Artikels deur lidmate, Briewe, ens.

Kontak enige van die predikante as jy belangstel.

AFHANKLIKHEIDSDIENSGROEP

Die groep staak voorlopig die weeklikse groepbyeenkomste op Donderdagaande vir ‘n tydjie as gevolg van oortydwerk en druk programme. Ons hoop om weer byeen te kom nadat die kursus “Ontdek jou kerk” afgehandel is. ***Indiwiduele bystand aan persone wat afhanklik is en hul naby-persone gaan egter voort.*** Mense wat bystand of inligting verlang kan een van die volgende lede skakel:

- Freddie Alberts, tel 011 918 0982 sel. 084 508 2229
- Peet Duvenage, tel. 011 747 7242; sel. 082 661 1470
- Hinke Norel, tel. 011 849 0165; sel. 083 488 5144

DEPRESSIEONDERSTEUNINGSGROEP

Ly jy aan depressie, of was daar ’n traumatiese ervaring in jou lewe wat jou in ’n depressiewe toestand gedompel het, of moet jy ’n depressielyer ondersteun – hetsy dit ’n lewensmaat of ’n vriend/-in is? Kom sluit gerus aan by die depressie ondersteuningsgroep**. Vanaf eerskomende Maandag 7 Junie kom ons bymekaar aan huis van Giel en Riana de Bruyn, Bertramstraat 8, Rynfield**.

Skakel **Giel de Bruyn (082 888 3219)** vir meer besonderhede

PREDIKANTE SE VERANT-WOORDELIKHEDE T.O.V BEDIENING

Vanaf l Junie geld die nuwe verdeling van dr. Braam en dr. Sarel se bedieningsareas in die gemeente wat behels dat dr. Braam die besoekpunte bedien waarvan die gesinshoof ouer as ± 50 is en dr. Sarel die besoekpunte waarvan die gesinshoof jonger as ± 50 jaar is. Indien daar enige navrae is, skakel gerus met een van die predikante.

Op die Program

Maandag: Bybelstudie Rynpark 9:30
Rondom die kerk 19:00
Depressieondersteuning 19:00
‘band’ oefen vanaf 19:00
Dinsdag: Bybelstudie 18:30 en 19:30
Woensdag: 20-Something Kleingroep 19:00
Donderdag: Gebedsgroep 19:30
Hoëskooljeug 19:00
Vrydag: Bybelstudie 8:30

Polsslag inligting

Inligting wat in die Polsslag geplaas moet word, moet asb. voor Donderdagmiddag 12:00 vm. Na polsslag@gkbenoni.co.za gestuur word. Inligting kan ook direk aan Gusta gestuur word na 083 383 2605 of faks na 011 849 6063

BANKBESONDERHEDE VIR BYDRAES

Alle bydraes kan in die onderstaande rekening inbetaal word. **Merk duidelik by besonderhede u volle naam en doel**. Daar is baie lidmate met dieselfde voorletters en van. **Volle name asb**. Lidmate word aangemoedig om van die aftrekorder-sisteem gebruik te maak. U bydrae word dan outomaties op die 1ste van elke maand van u rekening verhaal.

Gereformeerde Kerk Benoni
Absa Bank
Tjek nr. 220340 333

Blomme in kerk.

Daar word vrywilligers gesoek om beurtelings te help met die voorsien van blomme voor in die kerk. Kontak Elma (082 647 8948) as jy bereid is om ‘n beurt te neem.

NOG 10 DAE TOT BY ONS "FOUNTAINS CYCLE RACE"!!!

Die aanlyn inskrywings het alreeds die **150**-merk verbygesteek.

Besoek www.fountainscyclerace.co.za of volg die skakel van ons gemeente se website af.

Die reëlings vir die fietsresies, wat ons op 16 Junie vir die 9de keer aanbied, is in volle swang. Die hoofdoel is om koinonia in die gemeente te bevorder. Dit skep geleenthede vir elke lidmaat om op een of ander manier betrokke te raak, wat ookal jou gawe of belangstelling is.

Ons kort dringend nog mense om te help in die kostent, asook pannekoekbakkers wat alreeds vanaf Dinsdag 15 Junie kan help om pannekoek te bak. Kontak Valda Gouws (082 960 9688) as jy kan help.

Ons benodig nog hulp by die Nr. kolleksies by Boksburg Tour de Frans. Kontak asb vir **Anita 073 172 7356**

Program:

10 Junie Opleiding aan alle helpers 19:00
Oefenlopie vir die groot dag
11 Junie Verpakking van koeverte en
. “goedies” begin 13:00
12 Junie Nr. kolleksie Tour de Frans.
. Boksburg
14 Junie Nr. kolleksie Cycle Lab Fourways
Rekenaarlyste op datum bring
. 19:00
15 Junie Nr. kolleksie Tour de Frans
. Boksburg
Rekenaarlyste op datum bring
. 19:00

16 Junie
Die groot dag!
5:30 uitpak en regmaak
6:00 “Line entries” en Nr. kolleksies
9:15 wenner bepaal koördineering
11:00 pryse met name sorteer
11:30 Prysuitdeling

Vroueblad, Kerkblad, en Slingervel.

Die intekengeld verhoog jaarliks vanaf 1 Julie.
Vroueblad R143, Kerkblad R179 en Slingervel R156 per jaar.
Kontak asb vir Ina met geld in koevertjie as u wil voortgaan, of nuut wil inskryf vir die jaar 1 Julie 2010 – 30 Junie 2011,
vir enige van bogenoemde tydskrifte kontak Ina Bolt 084 339 1136

EIETYDSE DIENSTE (JEUGDIENSTE) OOR LANGNAWEKE EN VAKANSIES

Die kerkraad het besluit dat die Jeugdienste/Eietydse dienste ook gedurende langnaweke en skoolvakansies sal voortgaan

JEUG SE MIELIEMEELPROJEK

Dankie vir almal wat bygedrae het tot hierdie projek. Ons waardeer elke donasie en skenking wat ons ontvang het. Spar het ook `n groot donasie gegee. Hierdie dag was `n reuse sukses. Dit wys u net wat `n OMGEE kerk saam kan doen. Dit was net die begin van vele meer projekte.

Baie dankie van die Jeug

Graad 8 & 9 hou ‘n koekverkoping vir die insameling van fondse om komberse aan te koop vir minder bevoorregtes. Ons vra die gemeente se hulp in die verband en sal enige skenkings waardeer. ‘n Boksie sal in die voorportaal wees vir enige kontant donasies of as u ons kan help met die skenking van ‘n kombers. Die koekverkoping vind plaas in Julie 2010 tydens teetyd na kerk waar heerlike snye koek en snoepgoed te koop aangebied sal word. Onthou dis winter en terwyl ons snoesig onder die komberse lê is daar baie wat koud slap.

Bring komende sondag ‘n kombers of sweetpak dan kan ons dit al begin uitdeel. Baie dankie – Graad 8 & 9’s

Notas Oggenddiens 9:00	Notas Eietydsediens 17:00	Notas Aanddiens 18:30
Lees: Rom. 14: 1 – 12; Ef. 1: 3 – 14 **Teks:** Rm 14: 12 **Tema**: Sorg dat jy goeie rekenskap van jouself kan gee!	**Lees:** Mat. 7: 1 – 6 **Teks:** Mt. 7: 2. **Tema:** Laat die oordeel aan God oor?	**Lees:** Matt 16:13-19, Heidelbergse Kategismus: HK 3 & 12 **Teks:** Matt 16:16-17 **Tema:** Hoekom is jy 'n Christen?



Dopper Jeug

Veels geluk:
Baie geluk aan al ons maats wat in hierdie week verjaar.
9 Jun Karli v d Berg
12 Jun Rune van Dyk

Skole sluit Woensdag 9 Junie 2010
Lekker rus en geniet die vakansie.

Onthou die Jeugdienste gaan voort tydens skoolvakansies om 5uur Sondae

POLSSLAG

Gereformeerde Kerk Benoni
Miles Sharpstraat 24b
Rynfield, Benoni
www.gkbenoni.co.za
polsslag@gkbenoni.co.za

6 Junie 2010

Welkom:
Hartlik welkom aan al die gaste en besoekers, wat vandag se erediens bywoon. Indien u 'n nuwe intrekker is, meld asb. by een van die predikante, Braam Krüger of Sarel v.d.Walt aan, of kontak vir Ina Bolt (084 993 1136) of Gusta Botes (083 383 2605)

Dienstye:
Oggenddiens: 09:00
Eietydsediens: 17:00
Aanddiens: 18:30
Diensbeurte:
Hierdie week: wyke 24,25,26,27
Volgende week: wyke 28,29,30,31

Verkies tot ouderling:

Ter approbasie verkies as ouderling: Dirk van der Wateren, Frans Muller en Jan de Vries. Ons wens hierdie broeders baie sterkte toe by die oorweging van die roeping.

Verjaarsdae

Baie geluk aan almal wat in die komende week verjaar.

**6 Jun Piet Mackay 011 969 1924
6 Jun Rita Pretorius 011 816 1002(werk)
7 Jun Ben Laubscher 0836605123
7 Jun Wouter Snyman 0828912289
9 Jun Ronald Emmerson 0825503285
10 Jun Adriaan Damons 0837104600
10 Jun Debbie Du Preez 011 425 2902
10 Jun Leon Langenhoven 011 973 1360
12 Jun Stevan Fourie 011 973 1520
12 Jun Anina v.d. Walt 0849909080

Kollekte

Die kollekte in die banke is vir die diens van barmhartigheid. By die deure vir Bystandsfonds Diakonie en volgende week Partsinode Sustentasiefonds**.**

Verlede week se kollektes was DVB. R3970 en Kerkkas R1368

Lief en Leed.

Ons bid die volgende lidmate sterkte, krag en genade toe.

- Ons is hartseer om bekend te maak dat Jan van Jaarsveld die afgelope Maandagnag oorlede is. Ons bid vir Alta, dat God haar en die kinders, Johan, Sonja en Jan, in sy liefdevolle genade en groot liefde sal toevou en versterk in hierdie tyd. Die begrafnis het Donderdag plaasgevind

Begroting 2010 -2011

Daar is nog geleentheid (dringend) vir kommissies om begrotingsversoeke by die Beheerkommissie in te dien. As 'n kommissie/belangegroep nie begroot vir hulle uitgawes nie, word daar nie fondse geallokeer na dié kommissie nie, en kan die werk nie uitgevoer word nie. Die begroting moet gefinaliseer word, maar die Beheerkommissie het nog byna geen begrotingsversoeke ontvang nie. Handig in by Dirk van der Wateren (082 894 6731) of Evert Bolt (082 446 0794).

Kleingroepe

Daar sal geen kleingroepopleiding wees nie aangesien meeste kleingroepe in reses is vir die vakansie.

Dr. Braam Krüger – 011 849 9253 – 082 459 5636 braam@gkbenoni.co.za
Dr Sarel v.d. Walt – 082 920 1601 – sarel@gkbenoni.co.za
Herman Kloppers – 073 408 2226 – herman@gkbenoni.co.za